**Die lande staan wit vir die oes (OP213)**

**Joh 4:25-42**

**23 Maart 2025**

Laasweek het ons begin om te kyk na die gesprek tussen die Here Jesus en die Samaritaanse vrou. Die Here Jesus het aan haar lewende water aangebied. Hierdie lewende water is nie fisiese water nie, maar water wat in die persoon wat dit drink, 'n fontein van water word wat opborrel en voortdurend dors les, trouens dit gee aanleiding tot die ewige lewe. Ons het gesien die lewende water wys na die werk van die Heilige Gees wat in die persoon wat die water drink, werk – die Gees werk wedergeboorte, regverdigmaking deur geloof in die Here Jesus, en ook heiligmaking. Boonop het die Here Jesus ook aan haar geleer dat aanbidding voortaan in gees en waarheid moet en kan plaasvind, want die Here Jesus het nou gekom, en Hy maak die Here aan ons bekend soos nog nooit tevore nie. Verder gee die Here die Heilige Gees in onbeperkte maat, ook in die harte van gelowiges, en daarom kan hulle voortaan waarlik aanbid, dit beteken hulle kan voortaan in gees en waarheid aanbid. Om in waarheid te aanbid, beteken die aanbidding moet gevul wees met die openbaring en werk van die Here God. Om in gees te aanbid, beteken aanbidding moet uit nuwe harte kom wat gevul is met die Heilige Gees, wat vol verwondering is oor die werk van die Here God.

Vandag wil ek die verdere verwikkelinge rondom die Samaritaanse vrou oordink. Ek wil die volgende vier punte hanteer: (1) "Ek Is, is die Een wat met jou praat" (Joh 4:25-26, 28-30), (2) Die lande staan wit vir die oes (Joh 4:27, 31-38), (3) Die Samaritaanse oes (Joh 4:39-42), en (4) Implikasies vir ons.

<u>"Ek Is, is die Een wat met jou praat" (Joh 4:25-26, 28-30)</u>

Lees Joh 4:24-26. Nadat die Here Jesus aan die Samaritaanse vrou verduidelik het ware aanbidding in gees en waarheid sal voortaan moontlik wees, reageer die vrou hierop en sê sy weet die Messias kom, en ook dat Hy die Christus is. Boonop wanneer Hy kom, sal Hy alles aan hulle kom bekend maak.

Kan ek jou daaraan herinner dat ons laasweek gesê het dat die Samaritane ook 'n verwagting gehad het van Een wat sou kom. Hulle verwagting was egter beperk tot die koms van 'n Profeet soos Moses. Hulle verwagting was gebaseer op Deut 18:15 en 18. Volgens hierdie verse het die Here beloof om 'n Profeet soos Moses te stuur, en die Here sal Sy woorde in die mond van hierdie Profeet lê, en hierdie Profeet sal alles sê wat die Here Hom beveel. Natuurlik is dit so dat die Here Jesus inderdaad die vervulling is van hierdie belofte rakende 'n komende Profeet. Uit die toespraak van Petrus in Hand 3:22 is dit duidelik dat hy oortuig was die Here Jesus is die vervulling van die profesie. In Joh 6:14 lees ons nadat die Here Jesus die brood vermeerder het, het die mense daarop gereageer en gesê: "Hy is waarlik die Profeet wat na die wêreld sou kom". Onthou ook, die Samaritaanse vrou het ook alreeds in Joh 4:19 erken dat sy kan sien dat Hy 'n Profeet is.

Maar let nou op wat die vrou in vers 25 sê: Sy weet dat die Messias kom, wat ook Christus genoem word. En dan voeg sy by: hierdie komende Christus sal alles aan hulle kom bekend maak. Hierdie laaste gedeelte onderstreep die Samaritaanse oortuiging dat die komende Een 'n Profeet sal wees. Maar die eerste gedeelte waar sy sê sy weet die komende Een is die Messias of die Christus is opvallend – siende dat dit kom van 'n Samaritaan. Onthou wat Messias of Christus beteken: die beteken Gesalfde. Ons weet die Here Jesus is die Gesalfde – Hy is beide die gesalfde Hoëpriester asook die gesalfde Koning. Ja, Hy is ook die Profeet wat God se wil kom bekend maak. Maar let daarop: In die Ou Testament is priesters en konings gesalf, maar profete is nie gesalf nie. Ons is nie verbaas dat die vrou as 'n Samaritaan 'n komende Profeet verwag nie, maar sy sê nou sy weet dat

die Gesalfde Een gaan kom – soos wat die Jode glo, die komende Messias is die Gesalfde Koning en Hoëpriester, en boonop ook nog die beloofde Profeet soos Moses. Ons moet dus aflei dat die vrou iets begin verstaan het dat die komende Een meer sal wees as net die Samaritane se verwagting van ‘n komende Profeet, die komende Een sal ook gesalfde Hoëpriester en Koning wees.

Hierop reageer die Here Jesus en sê: “Ek Is, is die Een wat met jou praat”, m.a.w. die Here Jesus sê aan die vrou Hy is “Ek Is”. Onthou nou, die Samaritane het die Pentateug erken – hulle was dus vertroud met Eks 3:13-15 waar die Here vir Moses geroep het om die volk uit Egipte te gaan lei, en waar die Here uit die brandende doringbos vir Moses gesê het, Sy Naam is “Ek Is Wie Ek Is”. Wat die Here Jesus dus vir die vrou sê, is: Enersyds is Hy self God – want Hy is “Ek Is”, wat God se Naam is. Andersyds is Hy ook die Een wat destyds vir Moses geroep het. Moses het twee rolle gehad: Enersyds moes hy die Here se wil aan die volk bekend maak – hy was dus ‘n profeet. Maar, andersyds moes hy ook die volk lei om hulle uit Egipte te verlos. Maar let nou op: Die Here Jesus is meer as Moses, want Hy is God en Hy het vir Moses geroep – dus is Hy meer as Moses. Maar, soos Moses, is die Here Jesus ‘n profeet – Hy is dié Profeet wat die Here deur Moses beloof het – en dit is in lyn met wat die Samaritane geglo het. Maar die Here Jesus is meer as dit: Hy is ook die gesalfde Hoëpriester wat verlossing van sondes kom bewerk, en Hy is ook die gesalfde Koning wat die duiwel kom oorwin. Hy is die beloofde Messias. En boonop is Hy ook God – Hy is “Ek Is”. Dit moes sekerlik die vrou nog meer aan die dink gesit het.

Lees Joh 4:28-30. Juis op daardie oomblik kom die dissipels terug van die dorp af met die kos wat hulle gekoop het. Die Samaritaanse vrou gebruik die oomblik om weg te glip. Sy los haar waterkruik net daar. Kommentatore spekuleer daaroor dat dit moontlik simbolies kan wees van die feit dat sy haar vorige lewe daar agtergelaat het omdat sy nou van die lewende water gedrink het. Of dalk het sy dit net daar agtergelaat sodat die Here Jesus en Sy dissipels fisiese water kon drink. Hoe dit ook al sy, sy gaan dorp toe en vertel vir die mense wat gebeur het – sy vertel van die Man wat aan haar vertel het wat in haar lewe gebeur het sonder dat sy Hom vertel het. En sy vra die vraag: “Hy is tog nie die Christus nie, of hoe?” Dit is duidelik dat sy iets begin begryp het dat die Here Jesus meer is as net die verwagte Profeet – is Hy nie dalk tog die Messias nie?

Onthou: tot vroeër op hierdie dag het die vrou gevoel dat sy uit haar gemeenskap gestoot is – sy het alleen kom water skep in die middel van die dag. Sy was verstoot uit die samelewing in Sigar, heelwaarskynlik weens haar sondige lewe. Maar nou gaan sy en konfronteer die dorpsinwoners met die vraag: “Hier is ‘n Man, is Hy nie dalk die Christus nie?” Asof haar optrede nie verstommend genoeg is nie, is dit netso verstommend dat die dorpsinwoners haar ernstig opneem. Hulle neem haar so ernstig op dat baie van hulle uit die dorp gaan na die put toe om hierdie Man te ontmoet.

Dit herinner aan die optrede van die eerste dissiples waarvan ons in Joh 1 gelees het: Andreas moes eenvoudig direk vir sy broer Simon Petrus gaan vertel hulle het die Messias gevind (Joh 1:41), of Filippus wat vir Natanael vertel het hulle het die Een gevind waarvan Moses geskryf het. Die punt is: Dit maak nie saak of jy ‘n Jood of Samaritaan is nie, as jy die Messias gevind het, dan wil jy dit aan ander vertel. Trouens, jy wil nie net nie – jy doen dit met dringendheid!

<u>Die lande staan wit vir die oes (Joh 4:27, 31-38)</u>

Lees Joh 4:27. Juis op die oomblik dat die Here Jesus aan die Samaritaanse vrou sê dat Hy die “Ek Is” is, kom Sy dissipels terug van die dorp af met die kos wat hulle gekoop het. Ons lees dat hulle verbaas was om te sien dat Hy met die vrou praat. Tog lees ons dat hulle nie gevra het wat sy uit die gesprek wou hê nie, en ook nie wat die Here Jesus van haar wou hê nie. Wat egter duidelik is, is dat hulle nie hierdie gesprek goedgekeur het nie – immers meng die Jode nie met die Samaritane nie

(Joh 4:9). Wat ons in hierdie optrede van die dissipels sien, is dat hulle alreeds op hierdie vroeë stadium van hulle dissipelskap 'n opinie gevorm het oor wie volgens hulle goed genoeg is om te deel in hulle dissipelskap van die Here Jesus – as ons dit in vandag se terme kan uitdruk: hulle het alreeds 'n opinie gevorm oor wie volgens hulle goed genoeg is om deel te mag wees van die kerk. En hulle opinie is beïnvloed deur hulle kulturele en etniese bagasie. Hulle opinie was die Samaritane kwalifiseer nie om te deel in dissipelskap van die Here Jesus nie. Ja, alhoewel hulle al langer dissipels van die Here Jesus was as die Samaritaanse vrou, is hulle insig tog steeds gebrekkig. Daarom is dit tyd vir die Here Jesus om hulle ook verder te leer, en Hy gebruik die tyd wat beskikbaar is terwyl die Samaritaanse vrou dorp toe is.

Lees Joh 4:31-33. Die dissipels het die Here Jesus aangemoedig om te eet van die kos wat hulle gaan koop het. In beginsel is daar niks mee verkeerd nie – immers is die Here Jesus ook volledig mens wat ook behoefte het aan fisiese water en fisiese kos. Die Here Jesus reageer egter hierop en verduidelik aan hulle dat Hy voedsel het om te eet waarvan hulle niks weet nie. Hulle redeneer toe onder mekaar of iemand anders intussen dan aan Hom iets te ete gegee het. Ek hoop jy sien die ooreenkoms tussen die Samaritaanse vrou en die dissipels raak: Toe die Here Jesus met haar gepraat het oor lewende water, het sy aan niks anders gedink as fisiese water nie. Noudat die Here Jesus met Sy dissipels praat oor voedsel, kan hulle ook aan niks anders dink as fisiese kos nie.

Lees Joh 4:34-38. Soos wat die Here Jesus aan die vrou moes verduidelik wat Hy met lewende water bedoel het, so moet Hy ook nou aan die dissipels verduidelik wat hierdie voedsel is waarvan Hy praat. In vers 34 verduidelik Hy dat Sy voedsel is om die wil te doen van die Een wat Hom gestuur het, m.a.w. dit is om die wil van Sy Hemelse Vader te doen. En dan voeg Hy by: Hy wil dit nie net doen nie – Hy wil dit voltooi, Hy wil dit afhandel, klaar maak. Soos wat voedsel aan ons as mense energie gee sodat ons kan werk, so put die Here Jesus energie daaruit om die wil van Sy Vader te doen en om dit te voltooi. Die doel van die Here Jesus is dus om Sy werk te voltooi in lyn met die wil van die Vader.

Dan gaan die Here Jesus voort om die werk in meer detail te verduidelik: In verse 35-38 gebruik Hy die beeld van 'n landbou-oes om te verduidelik wat hierdie werk is wat Hy doen en wil voltooi. Hy herinner Sy dissipels daaraan dat hulle tipies verwag dat oestyd oor 4 maande sal wees, waarskynlik bedoel Hy dat oestyd tipies 4 maande na saaityd kom. Maar Hy roep die dissipels op en sê hulle moet opkyk en na die lande kyk – en dan sal hulle sien die lande staan reeds wit vir die oes, m.a.w. die lande is reeds gereed om ge-oes te word, dit is nie nodig om nog 4 maande te wag nie. Hy verduidelik aan hulle dat die een wat oes, reeds sy loon ontvang – m.a.w. hy is reeds in diens, hy is alreeds besig om te oes, hy samel alreeds die oes in. Vers 36 voeg by: die oes is vir die ewige lewe. Die oes wat dus ingesamel moet word, is die oes van mense wat deel moet kry aan die ewige lewe. Dit beteken dit is die oes van die mense wat die lewende water gedrink het – immers lei die lewende water ook tot die ewige lewe. Dit is die oes van die mense wat van bo gebore is uit water en gees, dit is die oes van die gelowiges. Hierdie mense word geoes sodat hulle deel kan kry aan die ewige lewe. Let op: die Here Jesus sê dít is wat Hom energie gee, dít is Sy voedsel, dít is die werk wat die Vader Hom gegee het om te kom doen, dít is die werk wat Hy wil voltooi – die volle oes moet ingesamel word. En daar is reeds oes gereed, die lande staan reeds wit – die oeswerk moet begin. Maar daar is ook steeds saaiwerk wat gedoen moet word: Sommiges moet besig wees om te saai, en ander moet besig wees om te maai, oftewel om te oes. Beide vind gelyktydig plaas. En soos wat die oes inkom, is beide die saaiers en die maaiers saam bly oor elke deel van die oes wat ingekom het. Al is dit die maaiers wat die oes inbring, sou daar nie 'n oes gewees het as daar nie ook saaiers was nie – daarom is altwee bly oor die oes, hulle werk aan dieselfde oes. Waarop Hy egter nou juis Sy dissipels se aandag wil vestig, is dat hulle moet opkyk en raaksien daar is reeds lande wat wit staan, gereed vir

die oes. En in vers 38 voeg Hy spesifiek by hulle, die dissipels, is gestuur om die oes in te samel. Hulle het nie noodwendig die saaiwerk gedoen nie, maar hulle moet gaan oes. Hulle trek voordeel uit die saaiwerk van ander, maar hulle moet gaan oes.

Kan ek jou herinner aan Amos 9:13. Lees dit. Hier kondig die Here aan dat daar dae gaan kom dat die een wat ploeg (d.w.s. saai) die een wat graan oes, sal inhaal. Daar kom dae dat die een wat druiwe trap (m.a.w. oes) die een wat die saadsak dra (d.w.s. saai), sal inhaal. Daar kom dus dae dat party sal saai, en ander sal oes. Dit sal gelyktydig plaasvind – die een wat maai sal die een wat saai inhaal. En let op: die berge sal drup van die druiwesap en die heuwels sal golf van die graan – m.a.w. daar sal 'n groot oes wees, 'n oorvloedige oes. Amos sê daar gaan 'n tyd kom dat dit alles waar sal wees, die Here Jesus sê in Johannes 4 aan Sy dissipels dáárdie tyd het nou aangebreek.

Dít is wat die Here Jesus energie gee, dít is Sy voedsel, dít is die werk wat die Vader Hom gegee het en dít is wat Hy wil voltooi. En die dissipels moet saam met Hom werk – Hy stuur hulle om die oes te gaan insamel. Ja, sommiges moet nog saaiwerk doen, maar sommiges moet ook die oes insamel. Kyk op! Daar is reeds oes wat wit staan op die lande! Hulle moet aan die werk spring.

<u>Die Samaritaanse oes (Joh 4:39-42)</u>

Terwyl die Here Jesus met Sy dissipels hieroor gepraat het, het dinge in Sigar gebeur. Baie van die inwoners van die dorp het na die Samaritaanse vrou geluister – al was sy nie 'n voorbeeldige lid van die samelewing nie, was daar iets in haar boodskap wat hulle aandag getrek het. Maar sien jy raak wat hier gebeur? Vroeër op daardie selfde dag het die Here Jesus in haar saaiwerk gedoen daar buite die dorp by die put, en nou is dit sy wat saaiwerk doen in die dorp. En die Samaritane reageer – die saad ontkiem, die groeiproses begin. Hulle kom na Jesus toe. Ja, hulle kom nog skepties en met baie vrae, ja, hulle is nog nie seker of Hy werklik die Messias is nie. Maar daar is 'n dors binne hulle wat hulle wil les. Daar is 'n honger binne hulle wat hulle wil stil. So hulle kom.

Onthou jy die roeping van Johannes en Andreas? Toe hulle die Here Jesus begin volg het, het Hy hulle gevra wat hulle soek. Hulle het geantwoord hulle wil weet waar Hy woon. Die Here Jesus het hulle genooi om te kom kyk – en toe bly hulle die res van die dag by Hom, sekerlik om meer van Hom te leer. Iets soortgelyks gebeur hier: Die Samaritane kom na die put toe. En dan dring hulle by die Here Jesus aan om by hulle te bly – wat die Here Jesus gedoen het. Hy het twee dae by hulle gebly, waartydens Hy hulle geleer het. Baie van hulle het in die periode tot geloof in Hom gekom. Hulle geloof was nou nie meer gebaseer op die getuienis van die vrou nie, maar eerder op die getuienis van die Here Jesus self. Hulle het geluister, en hulle het tot die oortuiging gekom dat Hy waarlik die Verlosser van die wêreld is.

Is dit nie aangrypend nie? Die Here Jesus het vir Sy dissipels gesê hulle redeneer gewoonlik die oes neem 4 maande. Maar kyk wat het hier gebeur: Binne 2 dae na die vrou saaiwerk in Sigar begin het, is die oes gereed op die lande. Binne 2 dae is hierdie mense oortuig die Here Jesus is die Verlosser. Binne 2 dae is hulle gereed vir die ewige lewe. Nie 4 maande nie, nee, 2 dae.

Maar die gebeure is selfs nog meer verstommend: Alhoewel die dissipels dit nie uitgespreek het nie, was hulle van mening hierdie Samaritane is nie goeie materiaal om deel te wees van die Here Jesus se kring van volgelinge nie. Maar dan leer die Here Jesus hulle daar by die put dat hulle moet opkyk – hulle moet kyk die oes staan wit op die lande. En wat is dit wat die dissipels gesien het toe hulle daar by die put opkyk? Hulle sien 'n golf van Samaritane kom. En binne twee dae is die oes wit op die lande! En dit nogal 'n oes van Samaritane – mense wat hulle nie as waardige volgelinge beskou het nie. En die Here Jesus wys hulle daarop: hulle het 'n rol, saam met Hom, om die oes in te samel. Dit is waarvoor Hy gekom het, dit is wat Hom energie gee – en hulle moet Sy medewerkers wees.

In Joh 4:4 het ons gelees dat die Here Jesus deur Samaria moes reis op pad van Judea na Galilea. Laasweek het ek gesê dit was die korste pad van Judea na Galilea. Natuurlik was daar ook ander roetes wat Hy kon volg. Maar as jy na die gebeure kyk wat in Samaria plaasgevind het, moet jy ook sê: Daar was nog 'n rede waarom Hy deur Samaria moes reis – daar was saaiwerk en oeswerk wat daar moes plaasvind, en dit gee Hom energie, dit is hoekom Hy gekom het, en daarom het Hy deur Samaria gereis.

Kan ek jou ook herinner: In Hand 1:8 lees ons dat die Here Jesus kort voor Sy hemelvaart die apostels uitgestuur het om die evangelie te gaan verkondig: in Jerusalem, Judea, Samaria en tot aan die einde van die aarde. Daar was dus later nog saai en oeswerk wat in Samaria gedoen moes word. In Hand 8 lees ons van Filippus wat met groot vrug in Samaria gewerk het. Dieselfde gebied kan meer as een oes oplewer. Nuwe saaiwerk kan 'n nuwe oes oplewer wat ge-oes moet word. Die werk is nog nie voltooi nie. Ja, die Here Jesus het intussen opgevaar na die hemel, maar Hy het vir ons die opdrag gegee om voort te gaan met saai en oes, totdat die hele oes ingesamel is.

Implikasies vir ons

Ek wil afsluit deur enkele implikasies vir ons uit te lig:

- Uit die gebeure daar in Samaria is daar twee belangrike dinge wat ons moet leer: wat ons moet drink om ons dors effektief te les, en ook wat ons moet eet om versadig te word.
    - Ons moet die lewende water drink, dan kan ons die Vader aanbid soos wat Hy aanbid wil word, dan kan ons Hom in gees en waarheid aanbid. Let op wat vers 23 sê: Dit is sulke aanbidders wat die Vader wil hê. Deur die lewende water te drink wat die Here Jesus kan gee, dit is die Heilige Gees, kan ons die Vader aanbid soos wat Hy wil hê.
    - Ons moet ook die voedsel eet wat die Here Jesus eet: Hy het energie daaruit geput om die wil van die Vader te doen, en juis dáárdie begeerte van die Vader dat die oes ingesamel moet word. Dit behels saaiwerk en oes-werk. Die Here Jesus het ons as gelowiges gestuur om dit te doen. En ons moet werk tot die taak voltooi is, en die volle oes ingekom het.

  Die punt is: Die Vader wil aanbid word en die Vader wil hê die oes moet volledig ingesamel word. Hoe groter die oes word, hoe meer word Hy aanbid – en so sal die hele aarde met verloop van tyd gevul word met die heerlikheid van God. Ons het 'n verantwoordelikheid in beide. Is jy onder die indruk van beide? Aanbidding in gees en waarheid, en insamel van die oes wat wit staan op die lande.

- Ons moet ook goed verstaan dat die oes nie net afkomstig is uit die Jode nie. Die dissipels het geoordeel die Samaritane is nie goed genoeg om deel te kan word van die Here Jesus se volgelinge nie. En tog, binne 2 dae is daar 'n groot wit oes in Sigar. En 'n paar jaar later werk Filippus met groot vrug in Samaria. Let op, dit was aan die Samaritaanse vrou wat die Here Jesus sê Hy is die "Ek Is" – ons lees nie dat Hy dit al aan Sy dissipels verduidelik het nie. Volgens die Here Jesus was die Samaritane nie tweede klas volgelinge nie, Hy het oor hulle ontferm soos wat Hy Hom oor Sy Joodse volgelinge ontferm het. Dink aan die volgende: die dissipels waarvan ons hier lees, was waarskynlik daardie vyf dissipels waarvan ons in Joh 1 gelees het hoe hulle die Here Jesus begin volg het. Na die twee dae van lering in Sigar, bely baie Samaritane hulle geloof, en die gevolg is: Die Here Jesus met 5 Joodse dissipels en baie Samaritane wat Hom erken as die Messias en Verlosser van die wêreld, in Sigar in Samaria. Die dissipels het dit glad nie voorsien nie. Ons moet daarteen waak om nie ook stereotipes

te vorm van wie ons dink deel mag word van die Here se koninkryk nie. Hy kan tussen 12h00 die middag en voor die einde van daardie dag, in 'n sondige vrou wat selfs deur haar Samaritaanse gemeenskap weggestoot is, 'n saad saai en dit laat ontkiem soveel so dat sy voor die einde van daardie dag die instrument word om in die Samaritane te saai, en 2 dae later is daar 'n oes van Samaritane wat wit staan – en dit terwyl die dissipels nie eers met die vrou wou praat nie.

- Die Here Jesus het meer as 2000 jaar gelede al vir Sy dissipels gesê die oes is wit op die lande – hulle moet die oes gaan insamel. Hulle moet opkyk en die oes sien. Die opdrag aan die kerk is steeds dieselfde: Kyk op, aanskou die lande, die oes is wit op die lande, gaan samel die oes in. Die tragiese realiteit is dat daar op baie plekke in baie gemeentes min hiervan tereg kom. Ja, daar is sekerlik uitsonderings van gemeentes waar baie moeite gedoen word om te saai en te oes. Maar daar is baie plekke wat dit nie die geval is nie. Ek sien dat binne 'n periode van 1 jaar het meer as 1500 lidmate die Gereformeerde Kerk in Suid Afrika verlaat. Dit is sekerlik so dat hulle nie almal nou kerklos is nie, maar die feit is in Sigar het binne 2 dae baie Samaritane tot oortuiging gekom die Here Jesus is die Verlosser vir die wêreld, terwyl ons sien meer as 1500 verlaat die kerkverband binne 'n jaar. Ek hoor predikante wat jarelank in die bediening is sê die stigting van 'n nuwe gemeente is vir hulle 'n onbekende ervaring. Hoekom was die gebeure destyds in Samaria so anders as wat ons ervaar? Ek kan nie met sekerheid sê nie, maar dink oor die volgende:
    - Is daar vandag minder wit oes op die lande as 2000 jaar gelede? Ek twyfel. Daar is vandag baie meer mense op die aarde as destyds. En tog sien ons soos wat die bevolking groei, daal die lidmaatgetalle.
    - Is die probleem dalk dat ons nie opkyk en die oes op die lande sien nie? Ek dink hier is definitief 'n probleem. Dit is al vir jare my belewenis as deel van verskeie gemeentes dat daar nie opgekyk word om die oes daarbuite te sien nie. Die fokus is eerder na binne. Dit strook nie met die Here Jesus se benadering en waartoe Hy Sy dissipels daardie dag in Samaria opgeroep het nie, en ook nie met Sy opdrag met Sy hemelvaart nie.
    - Of is die probleem dalk dat ons, soos die dissipels, blinde kolle het in terme van wie deel kan word van die volgelinge van die Here Jesus? Dink ons dalk hulle moet almal wit van kleur en Afrikaanssprekend wees, en verkieslik ook van dieselfde sosiale status as ons wees? Na twee dae in Samaria was daar Jode en Samaritane wat saam aan die voet van die Here Jesus geleer het, en ons kan aanneem dat hulle saam die Here aanbid het in gees en waarheid. Hoekom het ons soveel besware hierteen?

Ek het die voorreg om 'n groep Malawiërs in ons omgewing te bedien. Hulle behoort aan die CCAP Church in Malawië – dit is 'n Presbiteriaanse Kerk in Sentraal Afrika. Hierdie CCAP kerkverband het ontstaan deur sendingwerk vanuit beide Skotland en van die NG Kerk vanuit Suid Afrika. Wat vir my verstommend is, is hoe die destydse saaiwerk deur die Skotte en die NG Kerk jare later steeds oes oplewer. Wat ook vir my verstommend is, is dat politieke omstandighede in Afrika die gevolg het dat van daardie mense na Suid Afrika kom. Sien jy dit? Ons hoef nie eers Malawië toe te gaan nie – Malawië kom na ons toe. Kyk net op, en dan sien jy die oes wat wit op die lande staan. Ons hoef net betrokke te raak en begin saai en help oes. Ek is bevrees ons kyk te min op om te kyk waar die oes is. Ons kyk eerder net na binne na onsself.

Ek veronderstel baie kan beswaar maak en sê dat al die mense wat uit Afrika na Suid Afrika kom, is 'n groot probleem: hulle neem werksgeleenthede op, hulle gee aanleiding tot vreemdelinge-haat, baie van hulle kom met kriminele intensies. Ek kan dit nie ontken nie – ek stem saam dit is 'n groot politieke vraagstuk waaraan die regering ernstig aandag moet gee. Maar dit skep 'n geleentheid: ons

kan onder hulle saai, en selfs oes insamel. Die Here Jesus het dit met die Samaritane gedoen. Kan jy jou die effek indink as die kerk met groot inspanning saai en oes – nie net onder die buitelanders in Suid Afrika nie, maar ook onder die plaaslike bevolking van alle rasse en herkomste. Kan jy jou indink hoe groot die effek kan wees? Dit is wat vir die Here Jesus energie gegee het – dit kan ook vir ons as kerk nuwe energie gee. Maar dan sal ons moet opkyk, en die lande met die potensiële oes moet sien, en dan sal ons moet gaan saai en oes – soos wat die Here Jesus verwag.

Mag die Here ons help om Hom waarlik te aanbid in gees en waarheid, en om op te kyk en die oes wat wit op die lande staan, te sien en te gaan oes.